# 'N ONDERSOEK NA DIE VOLHOUBAARHEID VAN JEUGWERK AS PROFESSIE IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

deur

LIEZL SWARTZ

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir
die graad

MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(JEUGWERK-RIGTING)

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: DR C H THESNAAR

MEDESTUDIELEIER: PROF A P PHILLIPS

NOVEMBER 2003

**VERKLARING**

Ek verklaar hiermee dat "'n Ondersoek na die volhoubaarheid van jeugwerk as professie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk" my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

____________________ ____________________

HANDTEKENING DATUM

(Mej L Swartz)

**OPGEDRA AAN ALLE AFGESTUDEERDE JEUGWERKERS**
**VAN DIE HUGENOTE KOLLEGE**

## DANKBETUIGINGS


Opregte dankbetuiging aan die volgende persone en instansies:

- My Hemelse Vader vir sy leiding en krag.
- Die Algemene Jeugkommissie, Hugenote Kollege en kollegas wat hierdie studie ondersteun en moontlik gemaak het.
- Dr Christo Thesnaar vir sy leiding, aanmoediging en betrokkenheid by die sukses van hierdie ondersoek.
- Prof Jaap Furstenberg vir sy oneindige geduld en waardevolle taalversorging.
- Die respondente vir hul openhartige insette.
- Nioma Venter vir hulp met die tegniese versorging van die eindresultaat.
- Erna Potgieter vir hulp met die verwerking van die vraelyste.
- Familie en vriende vir ondersteuning en opofferinge.

# OPSOMMING

'n Toegepaste navorsingstudie is onderneem om die stand van die jeugwerkprofessie in die Ned Geref Kerk te beskryf en faktore te identifiseer wat die volhoubaarheid daarvan beïnvloed. In hierdie verband is die werkklimaat, persoon en opleiding van die jeugwerker deur middel van 'n literatuurverkenning en 'n empiriese opname ondersoek.

Vraelyste en semigestruktureerde onderhoude is tydens die empiriese ondersoek gebruik. Die eerste groep respondente is afgestudeerde studente van die Hugenote Kollege wat óf in 'n jeugwerkpos staan, óf die bediening verlaat het. Voorts is onderhoude gevoer met gemeentes waar jeugwerkers tans in diens is of voorheen was. Uit die studie het dit duidelik geword dat die jeugwerkprofessie nog nie bevredigend in die kerk gevestig is nie, gevolglik verlaat jeugwerkers voortdurend die bediening.

In belang van gemeentelike jeugbediening is dit noodsaaklik dat die Ned Geref Kerk kennis neem van die faktore wat die volhoubaarheid van die jeugwerkprofessie beïnvloed ten einde die beroep behoorlik te vestig.

## KERNKONSEPTE

Beroep, Beroepsvereniging, Hugenote Kollege, Jeugwerker, Kerklike Jeugwerk, Kerklike Jeugwerker, Kurrikulum, Nederduitse Gereformeerde Kerk, Opleiding, Praktiese Teologie, Professie, Roeping, Volhoubaarheid, Werkklimaat, Werkomstandighede.

# SUMMARY

An applied study was undertaken to describe the current position of youth work as profession in the Dutch Reformed Church and to identify factors influencing the sustainability. A review of relevant literature, as well as an empirical survey were conducted to investigate pertinent factors such as the working conditions, the person and the training of the youth worker.

In the empirical research respondents completing questionnaires consisted of former students of the Huguenot College currently employed as church youth workers, and those who left the ministry. Interviews were conducted with congregations currently employing or having employed youth workers. It is evident from this study that the youth work profession is not yet satisfactorily established and thus contributes to youth workers leaving the ministry.

In the interest of youth ministry, it is essential for the Dutch Reformed Church to acknowledge these factors influencing the sustainability of youth work as profession, in order to get this occupation properly established.



**KEY CONCEPTS**

Calling, Sustainability, Church Youth Work, Church Youth Worker, Curriculum, Dutch Reformed Church, Huguenot College, Practical Theology, Occupation, Profession, Professional Body for Youth Workers, Training, Working Conditions, Youth Work, Youth Worker.